BOOMSOORTE GESKIK VIR BOSVELDPLANTINGS

JOHAN EN BERRIE RAS
BARRY FOURIE

'n Groot verskeidenheid inheemse materiaal is geskik vir die skep van tipiese Bosveldlandskappe of Bonsai in die meer informele style. Die mees algemene spesies wat gebruik word is die Olienhout, die Witstinkhout, die Wildevy en die verskillende Akasiasoorte. Daar is egter vele meer wat uitstekende eienskappe besit en geskik is vir feitlik enige Bonsaistyl.

Die volgende soorte vorm 'n handige lys. Probeer gerus die minder bekende soorte. Dit is dalk moeiliker om in die hande te kry, maar nie heeltemal onbekombaar nie.

1. ALGEMENE SOORTE:

   1.1. Olienhout
   1.2. Witstinkhout
   1.3. Doringbome
      1.3.1. Apiesdoring
      1.3.2. Knoppiesdoring
      1.3.3. Swartapiesdoring
   1.4. Natalvy
   1.5. Kei-appel

2. MINDER ALGEMENE SOORTE:

   2.1. Huilboerboon
   2.2. Koraalboom
   2.3. Transvaal liguster
   2.4. Wit-olienhout
   2.5. Karooboerboon

3. SKAARS EN ONGEWONE SOORTE:

   3.1. Blouhaak
   3.2. Rooi-ivoor
   3.3. Bergsering
   3.4. Transvaal katjiepiering
   3.5. Kremetart
   3.6. Karee
   3.7. Njalaboom
   3.8. Snotbos
   3.9. Sterkastaiing
   3.10. Laventelboom
   3.11. Safraan
   3.12. Snuifpeul
   3.13. Trassiebos
   3.14. Buksboom

Hier volg enkele opmerkings oor genoemde boomsoorte om te help met die kweek daarvan.

1. ALGEMENE SOORTE:

   1.1. OLIENHOUT (Olea europaea africana):

   Hierdie boom kan in enige styl gevorm word. Dit kan te veel water asook groot droogtes hanteer. Die bome plant goed oor indien dit as ou bome uit die veld gehaal word en is 'n goeie immergroen spesie vir Bonsai doeleindes. Die harde hout en uitstekende blaarverkleining maak dit een van die beste Bonsaisoorte ter wereld.

   1.2. WITSTINKHOUT (Celtis africana):

   Dit is 'n bladwisselende boom wat baie gehard is. Hierdie boom kan vir verskillende style gebruik